VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die volgende week hulle verjaardag sal vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Wo	31/01	**Lenie Bouwsema**. Wyk 10
Wo	31/01	**Riane Serfontein,**. Wyk 4
	31/01	**Martin v d Bergh,** Wyk 10

Bede met meelewing: Psalm 20: 4.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

BEROEPE ONTVANG

•Ds GS (Gerrit) Kruger van GK Centurion na GK Burgersdorp

•Ds EJ (Ernest) Vogt van GK Vaalwater na GK Hartbeespoort as medeleraar

BEVESTIGIGING

Ds Jaco Lemmer, word op Saterdag, 3 Februarie 2024, deur prof Albert Coetsee van die TSP, as predikant van **GK Cachet** bevestig.

Dankoffer-bydrae en kollektes se inbetalings

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank:

WAT VAN 'N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 5 en 6 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 3 Sondag **28 Januarie 2024**

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste.
Ouderlinge: Wyk 11 **Fanie Jooste** en Wyk 12 **Nico Spaumer.**
Diakens: Wyk 11 **Pieter Jooste** en Wyk 12 **Gert Kruger.**
TEEBEURT: Wyksusters: 5 Dina Coetsee en 6 Ineke Bakker

EREDIENSTE

Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: 1 Petrus 2:19-25; 3:8-22.
Fokusverse: 1 Petrus 3:13-17.
TEMA: ***Christus het ter wille van jou gely; verdra nou lyding ter wille van wat reg is, met eerbied vir Christus en met hoop in jou hart.***
Sing: Psalm 102:1, 3; Psalm 31:1, 2, 12; Psalm 31:3; Psalm 69:3, 8; Skrifberyming 11-3: 8, 9, 10 (16); Skrifberyming 15-2: 1 (38); Psalm 72:7, 11. **Bede met meelewing:** Psalm 20:4.

AAND: Woordbediening: Jesaja 5.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 32 V&A 86-87.
TEMA: ***Vrugte van dankbaarheid is die noodwendige gevolg van verlossing in Christus tot sy eer, ons beswil en die heil van ons naaste.***
Sing: Psalm 65:3, 8, 9; Psalm 67:1, 2, 3; Psalm 80:5, 6, 7, 8; Skrifberyming 3-5:1, 2, 3 (80); Psalm 1:1, 2, 4.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en in die rooi sakkies vir ***Teologiese Studentekas***
Vanaand: ***Diens van Barmhartigheid*** *(blou)*en ***Kerkkas*** *(rooi)*
(Volgende week se Spesiale kollekte: ***Kerklike Tydskrifte***)

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Magda Opperman is uit die hospitaal ontslaan en terug by Huis Eikelaan. Ons bid haar en Flippie krag en genade toe.

Naomi Fraser is van die hoësorg na 'n gewone saal oorgeplaas. Ons is dankbaar vir die beterskap wat sy ervaar en bid haar volkome herstel toe.

Hettie Venter sterk aan in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan nadat sy 'n nuwe pasaangeër ontvang het. Ons bid dat sy spoedig die positiewe effek van die prosedure mag ervaar en dra haar en Attie aan die troue sorg van ons hemelse Vader op.

Die dogter van **Abram en Annetjie Kruger**, **Hannetjie,** is baie ernstig siek. Dit is vir hulle as familie 'n baie swaar beproewing. Ons doen voorbidding vir die hele familie, veral vir Hannetjie en haar gesin en Abram en Annetjie.

Lalie Venter (Huis Eikelaan 414) het die afgelope tyd verskeie naby familielede aan die dood afgestaan. Sy het inderdaad ervaar hoe ons Here se bare en golwe haar oorspoel. 'n Kleinkind van haar suster het geval en ernstige breinbeserings opgedoen. Ons verseker Lalie en haar familie, ook Jan Carel en sy vrou Anel van ons voorbidding in hierdie tyd van hartseer en rou. Mag ons troue Verbondsgod sy heil en bystand stuur uit hoë heiligdom.

Netta Schutte het die afgelope week 'n suksesvolle heupvervangingsoperasie in Unitas Hosptiaal ondergaan. Ons is saam met haar en Paul die Here dankbaar vir sy ontferming en bid Netta 'n spoedige en volkome herstel toe.

Magda Pelser-Van der Merwe moet op 1 Februarie 'n afspraak met die oor-, neus- en keelspesialis by die Medforum Hospitaal nakom. Dit is ons bede dat die dokter wysheid in leiding mag ontvang en dat ons hemelse Vader deur hom aan u beterskap en lewenskwaliteit mag gee.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

Dag	Datum	Naam en van
Do	18/01	Willem & Ria Serfontein (55 jaar)

VAN ONS KERKRAAD

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Huisbesoeke hierdie week volgens afspraak.				
Di	30/01	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi Sitkamer
			Hoërskoolkatkisasie	Jeugkamer
Wo	31/01	17:30	Finansiële Kommissie (Begroting)	Kerkkantoor

Bybelstudie by Huis Eikelaan, Dinsdag om 15:00 in die rooi sitkamer. Almal welkom.

KATKISASIE

	Sondag 28 Januarie	Sondag 4 Februarie
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Opening Uitdeel van boeke	Les 1 Psalm 32: 4a Sondag 29 Apostolicum, artikel 1
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Opening	Graad 1 & 2: Wyk 13 Graad 3 & 4: Wyk 14

Dinsdag	30/01	15:15	Hoërskoolkatkisasie	Les 1

ATTESTATE / Bewys van Lidmaatskap

ATTESTAAT ONTVANG:

Vanaf GK Linden **Margaretha Maria (Riëtta) van Vuuren.**
(Sy is in **Wyk 5** ingedeel: Die ouderling is Nelis Coetsee en diaken Geert Stoop. Wyksuster is Dina Coetsee).
Baie welkom in ons gemeente.

ATTESTATE AFGEGEE:

Fedde Martens Bisschoff en eggenote Janine en twee dooplidmate Fedde-Paul en Elmienke na Potchefstroom-Oos.
Charlene Buys na Cachet

VAN ONS SUSTERS

SUSTERSAAMTREK 9 MAART 2024

Die tema is: ***Groei deur die seisoene***
Daar is 'n lys in die saal waarop die Susters wat die Saamtrek wil bywoon hul naam kan invul.
Die daggeld is R 180